**DIE EIKE KAFEE**
(Eienaar: van der Wes.)

STUDENTE:

Kom na die Eike vir vars vrugte, sjokolade en tabak.

Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

# DIE MATIE

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.

FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.

Alles teen die billikste terme.

Onthou—
Net langs Suikerbossie.

ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL I, No. 7. VRYDAG, 12 SEPT. 1941. PRYS 1d.

# Puik Lentevierings deur Juniors.

## Wat ons Grootkoppe daarvan Dink.

### Kritiek op Juniorblad.

**Verlede Maandag is die glorieryke tradisie van Juniordag weereens deur die Juniors van 1941 voortgesit deur 'n puik feesdag van die Lente. Met kleurryke simboliese voorstellings van die ontwaking in die natuur, pragtige koorsange, grasieuse kunsdansies, musiek en geestige skerts is die publiek die hele dag onderhou en dit het die aand geëindig met 'n jolige dans in die stadsaal en volk-speletjies en dansies op Coetzenburg.**

**Mej. Huibrie de Wet was die Lentekoningin en het besonder aanvallig gelyk in haar mooi gewaad van ligblou satyn met 'n sleep van goud en donkkerrooi.**

**Hier volg verskillende kommentare oor die dag:—**

### Van Ons Rektor

Met graagte voldoen ek aan die versoek wat namens die Redaksie van „Die Matie" aan my gerig is om 'n bydrae oor Juniordag 1941.

Met die oggendopvoering wens elkeen die Juniors baie hartelik geluk. Dit was met een woord puik! Vindingrykheid, oorspronklikheid, organisasietalent en harde werk het dit sommer rêrig mooi gemaak. Die skoonheid van die daarstelling van die koms van lentetyd het 'n standaard geskep wat toekomstige Juniors moeilik sal ewenaar. Die belemmerende weersomstandighede wat die taak van die Juniors bemoeilik het, maak hulle prestasie in die oggend des te meer bewonderenswaardig.

„Die Matie" verskaf die geleentheid om sowel die voor as die teen van 'n saak ter sprake te bring. Van hierdie geleentheid wil ek, met die vriendelike verlof van die Redaksie, gebruik maak. Die agtermiddag-program is ook tot 'n groot mate suksesvol afgehandel en het baie pret verskaf. Maar waarom is dit by tye bederf deur plathede wat benede die peil is wat ons van die Stellenbosche student by sulke geleenthede verwag? En dis jammer dat die Juniorblad bydraes gehad het wat liefs nie daarin moes verskyn het nie. Ek weet die redakteur van die blad het sensorskap toegepas, maar daar kan gerus meer daarvan gewees het.

R. W. Wilcocks.

### Van die Voors. van die S.V.R.

Juniordag het in die laaste vyf jaar ontwikkel tot 'n studentefees wat seker enig van sy soort is — 'n mengeling van natuursimboliek, sang en studentejolyt wat uiting vind in verskillende fases van 'n dagprogram. Dit is weereens bevestig deur die jongste viering, wat uitgemunt het in oorspronklikheid en talentvolle uitvoering.

Die oggendprogram was 'n waardige bydrae tot 'n vergange reeks kleurryke lentefeeste — iets wat by ons reeds byna 'n stukkie eie kultuur geword het. Mag hierdie uitingsvorm, waarin elke jaar opnuut iets van die digterlike, iets van die skeppende fantasie geopenbaar word, groei en voortleef! Mnr. van Niekerk, mej. van Dyck, mnr. Anderson en die deelnemers het eer aan hul werk. Die groep-euritmiek, koorbegeleiding en solodans verdien almal besondere vermelding, asook die eie, oorspronklike Juniorlied.

Die middagprogram was kostelik, gesien in die gees van die komiese wat dit wou vertolk. Die Juniors het dan ook die geluk gehad om mnr. Koos Meyer daarvoor in hul geledere te hê. Jammer net dat so 'n onderhoudende voorstelling hier en daar bederwe is deur onbeholpe platvloersheid in die program. Maar ons sal die „perderesies" lank onthou!

Die variëteitsprogram van die aand het aangename afwisseling gebied, waaronder die volks- en kunsdanse veral byval gevind het, en ook 'n paar sang-uitvoerings. Die herhaling van 'n grappige kommentaar, wesentlik geleen van die middagprogram, was egter 'n bietjie oordrewe, en het die indruk geskep dat die organiseerders afhanklik was van die spitsvondigheid van één individu. Vir 'n slotprogram na so 'n woelige dag was 'n gebrek aan koördinasie merkbaar, hoewel dit geen verskoning is vir die laakbare smaak van sekere groepe in die gehoor nie.

Die Juniorblad het al 'n instelling geword i.v.m. die dag, en verdien besondere aandag. Vanjaar se uitgawe getuig van moontlikhede en skuilende talente, maar ongelukkig ook van 'n gebrek aan oordeel en diskriminasievermoë, wat onmiddellik die peil van die blad ongunstig beïnvloed. Dis jammer dat ons studente-joernalistiek soms 'n gebrek aan ware geestigheid en humor probeer verberg agter onsmaaklikhede wat nie met verfyndheid, gesonde geesteskrag en opvoeding te rym is nie.

Wat Juniordag as geheel betref: dit was 'n aangename, goed-georganiseerde en jolige feesdag, afgesluit met twee genotvolle funksies in die Stadsaal en op Coetzenburg. Mej. Morrison verdien die dank van elkeen vir haar bekwame, vrywillige leiding met die volkspele in daardie gedrang!

Die Juniors het talente en knap organisasievermoë aan die dag gelê. Graag wil ons mnr. Slabber en sy bestuur dan ook hartlik geluk wens met die dag, wat met so 'n uitgebreide program die produk was van maandelange ywer en voorbereiding.

Theo Pauw,
Voors. S.V.R.

### Van die Redakteur „Die Stellenboschse Student"

Die redaksie van vanjaar se Juniorblad kan sonder twyfel gelukgewens word met hul geslaagde publikasie. Die blad se opstelling en die rangskikking van die artikels was beter as enige van die vorige Juniorblaaie. En die stof was grotendeels in ooreenstemming met die jolyt van die dag.

Dit is natuurlik onmoontlik om alle persone tevrede te stel met so 'n publikasie. Die vraag wat sig voordoen is wat die doel is van so 'n blad. Indien dit bloot is om by te dra tot die geskerts van Juniordag, het die blad aan so 'n eis voldoen. Maar as die Juniors deur middel van die blad hul buiging wil maak met hul skryftalente, is die blad nie so algemeen geslaag nie, veral wanneer daarop gelet word dat die hele blad geskrywe is deur die Redaksie self.

Waar daar op die oomblik 'n skreeuende tekort aan ligte literatuur in ons studente-gemeenskap is,

*Vervolg op bl. 3 kol. 2*

### *Verdien Geld*

deur vir „Die Stellenboschse Student" te skrywe!

*Pryse wat uitgeloof word vir die volgende uitgawe:—*

Populêr-Wetenskaplike of Prosa £3-3-0.
Poësie £1-1-0.

*Sluitingsdatum vir bydraes 15 September.*

## Eerste Rarovertoning in Eikestad.

### Eie Afrikaanse Prente

Gelyktydig met die inwydingsnaweek van die nuwe C.S.V.-hoofgebou maar in samewerking met die C.S.V.-bestuur gaan die plaaslike Rarotak hul eerste vertoning van suiwer Afrikaanse rolprente lewer.

Die pragtige saaltjie in die nuwe gebou met sy eie projeksiekamer, leen homself uitstekend vir die doel van vertonings.

Op Vrydagaand 19 Sept. e.k. sal u in geleentheid gestel word om 'n tweeuur-program wat o.a. rolprente insluit oor sweefvlugte, 'n voëlparadys, die *begrafnis* van ons voormalige Kanselier, dr. Kestell, ons land se natuurskoon, veldblomme, Aughrabieswatervalle.

Daar sal twee vertonings wees: 'n vroeë, beginnende 7 uur en 'n latere wat om 9 uur in aanvang neem. Plekbespreking moet by C.S.V. gedoen word. Aangesien die saal 'n beperkte aantal sitplekke het, sal al die plekke bespreekte sitplekke wees.

Daar dien op gelet te word dat hierdie vertoning 'n deel vorm van die inwydingsprogram van die nuwe gebou wat Saterdag, 20 Sept. voortgesit word met 'n puik musiekkonsert.

Dit hang van u eerste ondersteuning af of die Rarovertonings 'n instelling gaan word. Dus, bespreek vroegtydig.

**Suikerbossie Melksalon.**

HOOFKWARTIER van GESONDHEID

Ligte Etes, Melkdranke (warm en koud), Koffie, Tee en Lekkers.

Onder persoonlike toesig van

OOM HUGO.

**Gebroeders De Wet**
(EIENS.) BPK.

ALGEMENE HANDELAARS, SPORT-UITRUSTERS EN PRAKTIESE SNYERS

Offisiële agente vir al die Universiteits Kleure.

Huidige Studente wapens 7/6.
Oudstudente Wapens .. 10/6.
Kleurbaadjies gemaak na maat £4 kontant.

*Bestel dadelik, voorrade word min.*

**Gebrs. De Wet (Eiens.) Bpk.**
h/v. Kerk- en Birdstraat.
STELLENBOSCH.
Posbus 21. Foon 20.

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.
Deskundige Fotografiese Handelaars.

Maak gebruik van Ons Vlugge Fotografiese Posdiens.

**Joerning en Seun**
(Eiens.) Bpk.,
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**MATIES!**

Hier is nuus — U EIE UNIVERSITEIT SE WAPEN is nou verkrygbaar soos goedgekeur deur die Senaat van die Universiteit en word aangebied deur

Stabilis Agentskappe en Beleggings-Maatskappy
Groote Kerkgebou 314,
Bus 1527, KAAPSTAD.

Teen die volgende pryse

£1-5-0 aan huidige studente.
£1-10-0 aan oudstudente en docente.

6/- per wapen word afgestaan vir die voorgestelde ingenieursfakulteit.

Plaasbestellings by

Dick Terblanche, p/a. mev. Woodbourne, Joubertstraat, Stellenbosch.

# VAN ZYL

Posbus 233. Foon 791.

DIE SPORT HUIS

van die

PAARL.

*Raadpleeg ons vir*

MANSKLERE

asook

Enige soort Sport-benodighede wat die seun of man nodig het.

*DEUR DIENS GROEI ONS!*

# DAMES

Wat ons nie het nie, kry ons.

Wat ons nie kan kry nie, maak ons.

*PROBEER*

**TANT MITA**

se

**MODE WINKEL**

# LUBBE

se nuwe moderne

SKOENHOSPITAAL

waar alle herstelwerk netjies en gou gedoen word.

•

Van Reyneveldstraat,

STELLENBOSCH.

*Hou Koers Reguit na—*

**PERLS APTEEK**

CUTHBERTGEBOU,

Pleinstraat,

STELLENBOSCH.

Vir al u Medisyne,

Toilet en Fotografiese benodighede.

# PLAZA

Foon 0013.

*Op Spesiale Versoek*

*Dorothy Lamour*

*Ray Milland*

In 'n Pragtige Liefdesavontuur

IN KLEURFILM

**„HER JUNGLE LOVE"**

Net Donderdag en Vrydag,

**18—19 September.**



## DIE MATIE.

Deel I. 12 Sept. 1941. No. 7.

Redakteur: W. A. Joubert.
Nuusredakteur: Tobie J. Louw.
Subredakteurs: P. A. Theron, J. R. Pauw, M. A. Hough, J. B. Willers.
Sportredakteur : Pierre de Wet.
Damessport: Ina Michau.
Verenigings: Gerjo v. d. Merwe, Kota Smit.
Sosiaal en Algemeen: Marie Heyns.
Proewe: Jannie van Vuuren, Daan Maartens.
Besigheidsbestuurder: S. P. Botha.
Advertensies: J. van Graan, Fanie v. d. Merwe.
Sirkulasie: Jos. Theron.


## Die Toekoms van Juniordag

Die dag waarna die hele studentegemeenskap met spanning uitgesien het en waarvoor die Juniors vir die afgelope paar maande georganiseer het, is verby. Na so 'n dag is dit algemeen menslik om 'n post mortem te wil hou om vas te stel net waar dié Juniordag te kort geskiet het by die van vorige jare. Dit is egter geensins wat ons met hierdie artikel beoog nie, want die Juniors het daarin geslaag om aan ons 'n baie genotvolle dag te verskaf.

In sy geheel vergelyk die Juniordag van vanjaar baie gunstig met die van vorige jare, indien dit selfs die voriges nie oortref nie. Die oggendprogram, veral, was van 'n hoë gehalte en verdien niks anders as lof nie. „Die Matie" wil die Juniors van harte gelukwens met die sukses van hulle dag.

Die gedagtes wat ons hier gaan uitspreek het dus nie bertekking op die jongste Juniordag nie, maar op Juniordag in die algemeen.

Juniordag het 'n definitiewe doel, nl. om in sekere behoeftes van die studentegemeenskap te voorsien. Die Juniorkaptein van 1940 skrywe in die „Junior" van daardie jaar:—

„Maar Juniordag is nie doelloos of nutteloos nie: Juniordag is 'n ware universitêre feesdag; Juniordag soek en kweek leiers vir ons Studente-Unie; Juniordag maak die ontluikende Senior bewus van sy verantwoordelikheid; en bo alles Juniordag is besig om te ontwikkel in 'n eie Afrikaanse viering van die Lente." Die doel van Juniordag is dus in die eerste plek om die Juniors instaat te stel om ondervinding op te doen wat organisasiewerk betref en 'n gesonde groepsgees te ontwikkel, en in die tweede plek om 'n algemene Lentefeesdag vir die hele studentegemeenskap daar te stel. Hierdie is dan ook die algemene opvatting omtrent die doel van Juniordag.

Almal wat in die verlede die Juniordagverrigtinge bygewoon het, sal saamstem dat in die eerste behoefte wel voorsien word; want slegs deeglike organisasie en spanwerk kon sulke geslaagde dae moontlik maak. Vir die wat deelneem aan al die verrigtinge is Juniordag werklik ook 'n Lentefeesdag. Maar wat van die honderdes wat die dag moet deurbring as passiewe toeskouers? Die optog in die oggend en die program daarna op Coetzenburg slaag gewoonlik daarin om by die toeskouers 'n lentegees op te wek. In plaas van die mense dan in staat te stel om volle uiting te gee aan hulle lentevreugde en aktief deel te neem aan die Lentefees, moet hulle maar tevrede wees om vir die res van die dag en 'n gedeelte van die aand blote toeskouers te wees van die lentevreugde van ander. Daarna kan hulle vir 'n paar uur gaan dans of volkspeletjies speel, indien hulle nog daartoe instaat is.

Om fees te vier beteken om aktief daaraan deel te neem, en dit is by uitstek die geval met 'n Lentefees. Daar is baie wat die Juniordagverrigtinge bywoon, maar slegs 'n geringe aantal wat aan die fees deelneem. Die Juniors oefen dus vir maande aan programme wat gewoonlik goed uitgevoer word en die moeite werd is om by te woon, maar wat nie voorsien in die behoefte aan 'n algemene Lentefees nie.

Seer seker sal dit nie 'n maklike taak wees om 'n verandering in Juniordag teweeg te bring nie, want daar is geen kontinuïteit wat die organisasie daarvan betref nie. En elke jaar voel die Juniors hulle verplig om beter en grootser programme as die vorige jaar aan te bied.

Dit is baie makliker om te kritiseer en fout te vind as om iets konstruktiefs aan die hand te gee. In verband met Juniordag is dit nog moeiliker, omdat dit noodsaaklik is dat die inisiatief in die hande van die Juniors gelaat *moet* word. Indien die Juniors van die toekoms dit egter sal waag om af te sien van die gespesialiseerde programme wat nou aangebied word, en die geleentheid skep vir 'n meer spontane en wyer feesviering van die hele studentegemeenskap, sal die dag moontlik ontwikkel in 'n werklike Lentedag.

## Die „Junior"

In 'n brief wat hiernaas publiseer word wys mnr. Tappies Möller, Juniorkaptein van 1938, op die doel waarmee die eerste Juniorblad destyds uitgegee is. Dit is werklik jammer dat die redaksie van vanjaar se Juniorblad hierdie doel blykbaar uit die oog verloor het, en dat hulle die oorsaak was van die enigste wanklank in die georganiseerde Juniordag.

Die meeste van die artikels, waarteen beswaar gemaak word, is blykbaar bedoel om luimig te wees. Indien 'n skrywer sulke bedoelings het, en nie daartoe instaat is nie, is dit heel natuurlik dat hy alle welvoeglikheidsperke sal oorskry om 'n lag by sy leser op te wek. Sulke artikels hoort egter nie tuis in 'n blad van ons studentegemeenskap nie.

As ons die blad deurblaai moet ons ook tot die gevolgtrekking kom dat dit nie meer moontlik is om luimig te wees in slegs ons eie taal nie. Selfs in die Editoriaal vind ons: „Vertaal in *plain* Afrikaans"; om nie eens te praat van ander artikels, waarin sulke dinge soos, „smaailing" Juniors, die skrywer, egter, „swop" die tydige vir die ewige—die laaste „chêpter," gevind word nie.

Hierdie klas van luimigheid sou mens verwag om slegs in die agterbuurtes van groot stede te vind. Die redaksie van die Juniorblad is egter blykbaar van mening dat dit goed genoeg is vir Stellenbosch.

Voor in die „Junior" word die volgende woorde van Adv. Fagan aangehaal: „Stellenbosch gee rigting en leiding in Suid-Afrika".... en verder „dat julle draers is van die naam van Stellenbosch en draers is van die tradisies van die Afrikaanse volk."

Meen die redaksie van die „Junior" werklik dat hulle blad 'n draer is van daardie gees?

## *Gladys Hugo sing op Stellenbosch*

Donderdag, 18 Sept., om 8 uur n.m., gee mev. Gladys Hugo 'n sanguitvoering in die Konservatoriumsaal. Dr. Con de Villiers sal die verskillende items aankondig. Die program sal besonder interessant wees en 'n groot verskeidenheid bevat.

## „EX LIBRIS."

Ds. T. N. Hanekom

### Godsman en Volksman!

Ons Godsdiens en ons volkslewe mag nooit geskei word nie! So het ons verlede week gesê. Wat God saamgevoeg het mag geen mens skei nie, en Godsvertroue en vaderlandsliefde is 'n tweeheid deur God self tot eenheid saamgeheilig! Daar was altyd en daar is nog manne wat hierdie waarheid begryp en uitgeleef het. Ek dink hier aan Paolo Sarpi, een van die beroemdste Italianers uit die sestiende eeu. Die bekende Duitse geskiedskrywer Leopold von Ranke bestempel hom as 'n man van hoogstaande lewensadel, ernstig maar stil, skrander maar beskeie. Hy was 'n veelsydige geleerde, wat met groot gesag kon praat...as hy praat. Maar veral was hy bekend as eenvoudige gelowige en vurige vaderlander. Sy groot geloof in God en vurige liefde vir sy vaderland het helder geskitter toe hy die vryheidsregte van die Venesiaanse Republiek moes verdedig teen die oorheersing van die Pouslike stoel. Banvloeke is na hom geslinger en sluipmoordenaars het gedurig sy lewe bedreig, maar hy het aangehou om te glo om te veg. Sy lewe laat ons dink aan 'n spannende heldedrama, waarin Godsvrug en vaderlandsliefde, saamgesnoer in 'n heilige bondgenootskap, saamgeworstel het tot die einde toe, vir vryheid en vir reg. En soos hy gelewe het, so het hy gesterwe! Op sy sterfbed het sy vriende hom fluisterend hoor prewel: „Esto perpetua," (mag dit ewigdurend voortbestaan). U begryp, hy het aan die Republiek, van Venisië, gedink! Godsman en Volksman!

So dikwels as ek aan hierdie dinge dink, dink ek aan Paul Kruger en Christiaan de Wet. Ook in hulle lewe het vaste Godsvertroue en vurige vaderlandsliefde hand aan hand saamgeworstel tot die einde toe. En ek dink ook aan ons eie volksvader, Kestell, vir wie die slagveld net so heilig was as die kansel in ons vryheidsstryd. „En hy het gesterwe." Maar wie ore het, wat kan hoor ,vang by sy sterfbed die versugting op: „My nasie is in nood!" En wie oë het wat kan sien, bemerk ,met smart„.... dat dit die waarheid is. Hy was 'n Godsman en 'n volksman, priester in sy Kerk, en vader vir sy volk!

# *Korrespondensie.*

## *Die Junior*

Geagte Redakteur,

As leier van die Juniors van 1938 —Juniors wat vir die eerste keer met die idee van 'n Junior-blad voor die dag gekom het, en wat 'n gesonde toekoms vir Junior-blaaie wat sou volg, in vooruitsig gestel het—gevoel ek dit as my plig om kommentaar te lewer op die Junior-blad van 1941 wat so pas die lig gesien het.

Toe die Juniors van 1938 'n begin gemaak het met die uitgee van 'n blad, het ons daarmee die oog gehad gesonde letterkundige voortbrengsels deur Juniors gelewer, wat die talente kon aantoon waaroor Juniors beskik, talente wat tot diens van die Studenteunie gestel kan word. Daardie idee is as goed beskou, met die gevolg dat die Juniors van 1939 en 1940 ons voorbeeld gevolg het en blaaie gelewer het wat die Studenteunie tevrede gestel het veral omdat hulle die gesonde studente-skerts van die deursnee student beliggaam het.

Laat my toe om die Juniors van 1941 geluk te wens met die groot aantal bydraes wat hulle gelewer het en veral vir *dié gedeeltes* wat werklik verdienstelik is, nie alleen omdat hulle die kleur van die lente en die jeug dra nie, maar ook omdat hulle die gees van die Junior reg weergee. Sulke artikels bly vir die studente van Stellenbosch altyd welkome leesstof, omdat hulle die Matie-gees en meer bepaald die Junior-gees trou vertolk. Hierin het hulle dan ook die doel wat deur die Juniores van 1938 daargestel is, bestendig.

Maar ongelukkig sien ek in die blad as geheel nie die leesstof wat beskou moet word as die beste wat deur Juniors gelewer kan word nie. Daar is gedeeltes in die blad wat myns insiens sonder twyfel benede die welvoeglikheidspeil van die Stellenbosse studente is, asook benede die waardigheid van 'n blad wat as

*Vervolg op bl. 3 kol 1.*

**Rook Springbok Sigarette.**

# Op Ons Sportvelde.

### *Saterdag se Voetbal*

Die eerste- en tweedespanne speel Saterdag albei uiters belangrike wedstryde. Die eerste vyftiental voer 'n plan in die skild vir Tuine. Dit baie jammer dat Peet so dwaas was om vir W.P. te gaan speel het en toe sy skouer ernstig beseer het. Sy plaasvervanger, blykbaar Koos Brink, sal darem sorg dat daar nie fout kom nie en as dit hoe is vat sy self 'n gêb op twee wiele. Ek voel geneë om te dink dat Obie en sy manne net-net die paal gaan haal.

Chris Louw en sy manne reis weer bietjie oor na Bellville en dis seker dat die stof letterlik en figuurlik gaan waai. Hulle sal geensins afgeskrik word deur die feit dat Bellville-spelers twee-derdes van die Junior W.P.-span gevul het nie.

### *Ons Hokkiespeelsters Seëvier*

Deur uithaler hokkie te speel en met behulp van die „spirit" het die damesspanne Saterdag al die wedstryde in hulle guns beklink.

Die eerstespan, 1A en tweedespan het teen Groen- en Seepunt opgetree. In die eerstespan wedstryd het dit gelyk asof die spel gelykop gaan eindig, maar Kotie was vasberade om te wys wie is baas. Na 'n skitterende beweging het sy die bal in die net geklits en haar span die oorwinning besorg met twee doele teen een.

Teen 1B moes die besoekende span ook die aftog blaas. Dis veral te danke aan hulle samespel dat hulle die wedstryd 5—1 gewen het. Die tweedespan het selgs 18—0 gewen... hulle was later te lui om nog doele aan te teken. Omstreeks sesuur was daar 'n groot feestelikheid by die klubhuis. Dit was 2A wat hulle tweede oorwinning van hierdie seisoen vier. Hulle het Kaapstad Hoër 3—2 uitgestof. Ongelukkig kon 2B nie die gees saamneem Nuweland-toe nie en hulle het vir 'n verandering verloor teen Westelike Provinsie.


**Stadler en Ko.,**

**(Eiens.) Bpk.**

DORPSTRAAT.

Die Winkel vir Diens en Kwaliteit — met 'n glimlag.

Kruideniersware—Ysterware Breekgoed en Skryfbehoefte.

Pyrex en Geslypte Glas.

Agente vir OLIVER PLOEË.


### *Manshokkiespanne vier Hoogty*

Verlede Saterdag het 1A vir Pinelands 2-1 onder stof geloop. Die klipperige kondisie van die Pinelandsveld en die besliste keerwerk van die tuisspan wat grootliks verantwoordelik vir die lae telling. Ons voorspelers het feitlik gedurig aangeval maar die verdediging, veral van Ben Conradie, 'n welbekende oud-Matie, het menige veelbelowende beweging verongeluk.

Na aanvanklike gesukkel het Paultjie Roelofse die bal met die plank laat kennis maak. Die spel was darem geensins eensydig nie, want Pinelands het dikwels die Matie agterhoede op die proef gestel. Kort voor rustyd het hulle ook vrug op hulle arbeid gehad ,toe hulle deur ons linie gesyfer het vir 'n doel om die telling gelykop te maak.

Albei spanne het nog kwaaier aangeval na rustyd, maar alleen Hey het sukses gehad vanuit 'n strafhoek.

Ten spyte van hulle grootpratery het 1B, soos verwag, tog vir Vishoek geklop. Laasgenoemde moes sonder G. Binedell en Arnold klaarkom wat albei twee weke gelede teen 1A beseer is. Soe!

Die spel was deurgaans vinnig en aan die begin het dit gelyk of Vishoek gaan wen. Strassheim het die eerste doel aangeteken, maar kort daarna het de Kock gou-gou met twee doele voor die dag gekom en die besoekers 2—1 laat voorloop.

Na blaastyd het die Maties regtig begin opskud. Danie Wium veral het in die agterhoede baljaar en Vishoek kon eenvoudig nie met ons doelwagter kom kennis maak nie. Truter het die telling gou gelykop gemaak en toe het Cohen van pure uitgelatenheid nog twee doele aangeteken om die sakie 4—2 in die Geel-bontspan se guns te beklink.

In 'n taai vinnige wedstryd moes IIB die knie sekeer buig teenoor voerkeer van Woodstock.

Saterdag speel 1A en IB Intervarsity op Rondebosch. Die Interkoshuis-wedstryde om die gemengdebeker neem volgende week in aanvang.

### Tokkelokke teen Admissiete

Oorspronklik het die tokkelokke oor 'n kranige vyftiental beskik maar ongelukkig moes een 'n bees gaan koop, 'n ander manel aanpas en 'n derde 'n vrou gaan trou (aktiewe of lydende vorm, Dawid?). Hokkiespelers moes toe hulle plek volstaan. Jannie van Vuuren het op die vleuel gespeel en George Murray het soos 'n Spartaan tussen die voorosse geworstel. Volgens hulle vertoning meen voetbalkenners dat hulle met sukses die hokkiestok vir voetbalstewels kan verruil.

Uit die staanspoor was die Tokkelooie onder Piet Verhoef net woelig en die arme Admissiete het gesteun en gekreun want Coligny Nel lak genadeloos hard. Die „Lawnschool"-pêre was op pad na 'n seker drie, toe Jannie van Vuuren kop verloor uit pure oorywer en met die doel om sy drie bo alle twyfel te stel, agter die doodlyn instede van die doellyn gaan kuier het. Die enigste uitwerking wat navrae in dié verband op hom het, is 'n blosende gelaat.

Die Admissiete het nie soseer vir Dammies met sy stywe been ,wat die laaste vesting moes verdedig — seker tog nie die been nie — gevrees, as 'n sekere oud-W.P.-speler nie. Hulle het Lucifer Brink (Swart Brink?) aangesê om sy been af te k(n)ou. Kort voor die gemene daad het 'n Admissiet oor die doellyn gestort vir 'n onvervyfde drie.

Snyman het vanuit sy eie 25-gebied gaan besoek aflê agter die Admissiepale. Met die poging tot vervyfing het ou Ben op nerf na sy neus afgeskop.

Toe die eindfluitjie blaas was nog geen finaliteit bereik nie, danksy die regter van Blerch en Labuschagne. Die Tokkelokke beweer dat van Blerch bevoeg mag wees om Tirds te speel maar nie in die wieg gelê is vir 'n skeidsregter nie. Dit moet waar wees want 'n Tokkelok sal nie jok nie.

### Aankondiging

Omrede verlede keer tweelingsportmanne behandel is, nl. Klaas Pienaar en Jan du Bois, is hierdie rubriek in hierdie uitgawe uitgelos.

### *Die Junior Hen die Kêp*

Belangrikste gebeurtenis van die week natuurlik was bogenoemde wedren.

'n Pragtige verskeidenheid donkievleis en -talent is tentoongestel ,om nie die ry-talent te versmaai nie. Ek sal enigeen 10 teen 1 wed dat,, as Konvoye se ryer nie so 'n esel was nie en meer gebruik gemaak het van laasgenoemde se agterstewe as sitplek, dan het eersgenoemde losvoor die ander perde by die wenpaal aangekom. Of hoe sê u dr. Kosie Friedlander?

Hoe dit ook sy ek is Faaif Bob ryker . Dis te hope dat volgende jaar se Juniors 'n Hindernis Wedloop sal reël soos die donkies duidelik bewys het dat hulle verkies deur hulle pragdige vertoning oor die planke

## Reddingsdaadweek, Stellenbosch.

### BOERESPORT PROGRAM.

*Vrydagnamiddag, 3 Okt., 1941*

Ons gaan 'n hele namiddag wy aan egte boeresport. Kom neem deel daaraan tot u eie vermaak en die pret van ander. Hier is ons program:

B. (VIR DEMONSTRASIE).

1. Bottelspring.
2. Jukramskop.
3. Beesvelgooi.
4. Skaapoptel.
5. Botterpaalklim.
6. Hakke-krukke.
7. Marcus waar's die perde?
8. Veldskoenmaak.
9. Dooieman-optel.
10. Hotnotslaan.
11. Pypopsteek.
12. Koringsny.
13. Geld uit water haal.

A. (VIR KOMPETISIE).

1. Toutrek (spanne van 9).
2. Donkiereisies.
3. Skilpadtrek.
4. Hoenderhaanskop (a).
4. Bobbejaanreisies.
6. Sakreisies (oor hindernisse).
7. Aasvoëlreisies.
8. Hoenderhaanskop (b).
9. Blikresies.
10. Stoktrek.
11. Koershou.

Daar gaan pragtige pryse wees vir die kompetisie-nommers.

Inskrywings: 6d. per nommer of 2/6 vir 'n algemene inskrywing.

Toutrek is 6d. per lid want elke lid kry 'n prys.

Kom boere organiseer toutrekspanne en ons sal julle van die veld af trek.

As u nie die program verstaan nie kom kyk, ons hou 'n demonstrasie op Coetzenburg op Vrydag, 19 September, om 4 uur n.m.

Vir inskrywings en verdere inligting, raadpleeg die volgende persone: —

Dr. J. H. Moolman (Voorsitter) Neethlingstraat.
J. B. Willers, Cluverweg.
A. Blommaert (langs Fred Fobian).
Jannie van Vuuren, C.S.V.-gebou.
Martin van Rooyen, Dagbreek.
Danie Rabie, Wilgenhof.


**Van der Stel Fietswerke**

*(Eienaar: PAUL ACKERMAN)*

*Studente !*

Ondersteun jul ou Fietsdokter

*Alle werk gewaarborg.*


### LAAT BERIG

A. C. Greeff en A. van der Merwe het Dinsdagaand die Senior en Junior W.P. Amateurstoei kampioenskappe onderskeidelik verower.


DIE STELLENBOSSE STOOMWASSERY

Stuur ons jul Stywe Hemde, Boordjies en Wit Broeke

Tevredenheid Gewaarborg.

*Dringende Bestellings word dieselfde dag uitgevoer en afgelewer.*

Kragstasie Foon 338 Merrimanlaan.

**DIE PÊRELSE STOOMWASSERY**

Kom laat die Firma wat die beste dienste lewer u ook bedien.

Eienaar: Mnr. W. Marsh.